

POLISIE EN
SWERWER-
SPEURDER
REEKS
No. 34
Moord in
die Myn
GERRIE
RADLOFF


Hy skrik toe iets hier by sy kop verbytrek. Dit val 'n ent voor hom vlak onder 'n elektriese lig neer. Hy sien dat dit 'n handgranaat is.

Hy skop vas en gooi sy liggaam terug. Hy kom amper op sy rug te lande, maar deur hom met die een hand te stut, draai hy sy lyf om en hardloop op sy spore terug.

'n Oorverdowende slag dreun agter hom. Los klippe, gruis en sand vlieg by hom verby. 'n Paar skerwe tref hom teen die liggaam en slinger hom neer. 'n Entjie voor hom hoor hy Treschka gil.

Hy probeer opstaan, maar 'n skerp verlammende pyn skiet in sy sy af en deur sy been. Kreunend sak hy op die grond terug.

Stofomslag: Chris du Plooy



## HOOFSTUK 1

Obed de Swardt hardloop voluit. Hy hou sy kop hoog en sy keelspiere trek styf. Hy twyfel of hy die paal sal haal, maar juis dít spoor hom tot groter kraginspanning aan.

Sy brein werk feitlik net op refleks. Hy skat dat daar nog sowat twintig tree voorlê. Aan sy linkerkant, uit die hoek van sy oog sien hy vyf man op hom afstorm. Een van hulle is 'n hele entjie voor die ander en selfs aan die houding van die man is dit taamlik duidelik dat hy daarvan oortuig voel dat hy Obed sal kan voorkeur.

Obed draai net sy oë. Hy oorweeg die gaping tussen die voorste en die agterste vier. Dan trek hy sy spiere saam. Dit is asof hy homself oplig voordat hy met sy regtervoet vastrap en tussen die groep deur skiet. Die volgende oomblik raap hy homself op en duik deur die lug. Hy plant die bal teen die regterkantste paal en dan slaan hy 'n keer rats bolmakiesie voordat hy stewig op albei voete te lande kom.

Skaars het hy omgedraai of Ekkie Eksteen klop hom op die skouer. Die fris haker haal hard asem.

"Pragtig Obed!" roep hy uit. Hulle is ou vriende en speel al lank saam vir Diggers. "As jy so aanhou, speel jy vanjaar weer vir Transvaal."

"En wat van Transvaal se nuwe haker?" lag Obed met 'n vonkeling in sy oë. "Hoe de joos het jy dit reggekry om so gou hier te wees? Ek het my verbeel dat ek die hele span daar in die middel van die veld agter gelaat het."

Ekkie lag net. Die seisoen het nog skaars begin en hulle het maar vanmiddag vir 'n oefening na die veld gekom. Die breier sluit by hulle aan en oók hý wens Obed geluk met daardie naelloop. Ongeërg haal Diggers se uithaler-vleuel sy skouers op. "As jy nóú nog nie gewoond is aan my doodnormale spel nie," antwoord hy ondeund, "wag daar vir julle 'n paar aangename verrassings."

"Haai Ekkie!" roep een van die ander spelers hulle toe. "Daar op die kantlyn is iemand wat jou wil spreek."

Ekkie en Obed kyk albei in daardie rigting. Hulle bespeur dadelik die konstabel wat vir Ekkie wuif.

"Wat is dit nou weer?" brom Ekkie. "'n Mens kan die eens meer jou litte 'n bietjie kom losmaak sonder dat hulle soos 'n klomp brakke agter jou aandraf en jou terug sleep na die tuig toe nie."

"Wie sê dit is dít?" merk Obet op. "Miskien is dit 'n verhoging van salaris of selfs bevordering."

Speurder-sersant Eksteen gluur sy boesemvriend aan asof hy sy humor baie onvanpas vind. Obed steur hom nie daaraan nie, maar val langs Ekkie in sonder dat hy uitgenooi word.

"Wel," verneem Ekkie amper kortaf toe hulle die konstabel bereik. "Wat is dit?"

"Die majoor wil u dadelik spreek, Sersant," antwoord die man, en dit is vir die twee vriende in hul natgeswete rugbyklere duidelik dat hy opgewonde is. "Daar was 'n reeks ontploffings by die Main Deep-myn. Volgens die berig lyk dit nie eintlik na misdaad nie, maar die majoor meen dat indien dit wel sabotasie is, dit so fyn gedoen is dat Sersant self moet oorneem."

"O, so?" werp Ekkie terug. "Eers 'n bietjie heuning om die mond en dan die sweep oor die rug - werk dat dit kraak! Maar nou goed, Konstabel, jy kan die majoor laat weet dat ek onmiddelik gereed maak."

"U moet majoor Laas by skag nommer drie van die myn ontmoet."

Sodra die konstabel vertrek het, skreeu Obed na die breier dat hy en Ekkie nie langer sal kan oefen nie. Hulle het dringende besigheid om af te handel.

"Ons?" merk Ekkie droog op. Hy kyk Obed skeef aan onderwyl hulle na die kleedkamers draf om te stortbad en hulle te verklee. "Wat het jy nou eintlik met die saak te soen?"

"Dink jy dan dat jy moontlik so iets eiehandig kan aanpak?"

"As Dirk Laas jou sien, sal hy beroerte kry. Jy moet liewer daar wegbly, Obed. Ek sal jóu laat weet wat aangaan."

"O, nee," Obed skud sy kop. "Ek wil van die begin af by wees."

"Man, is dit vir jou onmoontlik om nie jou neus in ander mense se besigheid te steek nie?"

"Ekkie!" roep Obed verwytend uit. "Dít het ek darem nie van jou verwag nie. Hoeveel keer het ek jou nie al uit die pekel gehelp nie? Hoeveel keer was dit ek, Obed de Swardt, die Swerwer-speurder - wat moes intree om julle arme ou speurdertjies uit die penarie te red? Hoeveel keer ...?"

"Wag - wag," keer Ekkie hom. "Ek het ongelukkig nie my viool by my nie."

"Jou viool?" vra Obed verbaas.

"Natuurlik. Dan maak ons 'n orkes daarvan. Jy blaas jou trompet en ek speel op my viool."





Hulle lag. Meteens is Obed weer ernstig.

"Hoe klink die besigheid vir jou, Ekkie?" vra hy sonder die minste skerts in sy stem.

"Ek weet nie. Dit is onmoontlik om enige afleidings te maak. Die blote feit dat majoor Laas sabotasie vermoed - of selfs aan die moontlikheid daarvan dink - is ernstig genoeg. Ek oordeel gewoonlik nooit voordat ek die saak self ondersoek het en die verskillende verslae gelees het nie."

"Ek ruik dit uit," sê Obed stil. Ekkie kyk een keer na hom met 'n uitdrukking asof hy Obed se woord heeltemal natuurlik vind.

"Hoekom sê jy so, Obed? Ek weet dat jou oordeel selde of nooit verkeerd is. Maar wat op aarde kan jy uit die kort mededeling van die konstabel aflei?"

"Dit is nie dít nie, Ekkie. Ek beweeg gedurig binne die kringe waaruit misdadigers gebore word, waaruit hulle gehuur word en waar sabotasie en sulke sake beplan word. 'n Mens kom dinge agter. Dit is soos 'n storm wat jy kan voel broei. Ek het geweet dat iets die een of die ander tyd gaan uitbars. As ek jou nou moet sê waar ek dit of dát gehoor het wat my so laat dink, sal ek nie kan nie. Dit is net 'n indruk - 'n sesde sintuig - wat later so sterk word dat 'n mens daarop kan staatmaak."

"Dan moet ons opskud," is al wat Ekke sê en daardeur toon hy so volle vertroue in sy vriend. "Maar ek dink nog dat jy liewer nie met my moet saamgaan nie, Obed," vervolg hy dadelik. "Ek ken jou al so goed dat ek jou kan vertrou selfs wanneer ek jou met 'n rokende rewolwer in jou hand aantref en 'n man voor jou op die vloer sien lê waar die bloed nog vars uit die wond loop. Ongelukkig stem my hoof nie in alle opsigte met my saam nie."

"Ek sal jou nie in 'n ongemaklike posisie plaas nie, Ekkie," verseker Obed hom. "Laas weet tog dat ons vanmiddag saam rugby geoefen het. Ek is seker dat hy my daar sal inwag."

"Dit is nie 'n ongemaklike posisie vir mý nie, Obed," werp Ekkie terug. "Dit is net dat ek dikwels in staat is om jou te kan help, maar as majoor Laas dit agterkom, kan hy dalk 'n stok in my wiel steek."

"Ek sal in elk geval nie lank daar kan bly nie," antwoord Obed asof iets anders hom skielik tref. "Ek het Maans belowe om vanaand by die Randower te wees - jy weet mos dat ons uiteindelik die hotel gekoop het en dat Maans dit bestuur. Daar is vanaand 'n

groot onthaal vir 'n jong sangeressie wat die hele Europa deur gesing het - selfs tot agter die Ystergordyn. Verskeie van die ambassadeurs en konsuls van die lande waardeur sy gereis het, sal by die ontvangs wees."

"Wie se ambassadeur is jý dan?" verneem Ekkie droog.

"Ek is maar net mede-eienaar van die hotel," antwoord Obed in die selfde gees. "Maar jy weet natuurlik wat 'n tyd gelede gebeur het met die aktrise Manine Minette - sy is op haar eerste aand hier ontvoer. Maans voel nou net dat so iets nie in ons hotel moet plaasvind nie en ...."

"En dus moet die Swerwer-speurder 'n wakende ogie kom hou -oor die sangeressie?" Ekkie lag. "Wat sal Tessa sê jong?"

"Tessa het my nog nie onder slot en grendel nie," skerts Obed glimlaggend. "Voor die koeie nie in die kraal is nie, is die veld nog wyd."

★

Vir Obed se groot swart Cadillac is die afstand na die Main Deep-myn op die Wesrand sommer speletjies. Toe hulle die hekke in die hoë draadheining bereik, merk hulle dat 'n groot skare reeds binne by die myngeboue en -kantore en om die skagtorings vergader het. Ekkie spring solank uit nadat hulle deurgelaat is en hardloop na skag drie onderwyl Obed parkeerplek soek. 'n Rukkie later sluit Obed by die groep amptenare, speurders en polisie digby die skag binne die kring toeskouers aan. Ekkie is druk in gesprek met majoor Dirk Laas. Obed beweeg tot agter die groep geregsdienaars sodat hy wel binne hoorafstand is maar nie deur hulle opgemerk word nie.

"Volgens die kêrels wat al uitgekom het, sal dit maande duur voordat die oorspronklike tonnels weer opgegrawe kan word," verduidelik majoor Laas, "Dit is 'n groot ramp."

"Maar het hulle vasgestel wat die oorsaak van die ontploffings was?" verneem Ekkie.

"Nee, dit is heeltemal onmoontlik. Miskien sal van die ander wat dieper in was - as hulle ooit lewendig te voorskyn kom - leidrade kan aanbied. Twee van die mynkapteins het egter beweer dat daar 'n voorraad ontploffingstowwe in 'n aantal van die nuwe tonnels was. Dit was op verskeie plekke gebêre want, soos jy weet, is daar





'n paar weke gelede ryk are ontdek. Dit sou van Main-Deep-myn binne die volgende paar weke die myn met die hoogste goudproduksie aan die Rand gemaak het. Hulle was besig met 'n netwerk van tonnels en feitlik elke dag is daar geskiet."

"Hulle meen dus dat van die voorrade per ongeluk .."

"Dit kan wees," sê die majoor, "dat as een klomp ontplof het, dit die ander hope ook laat afgaan het."

"Maar volgens die konstabel het u beweer dat die moontlikheid van sabotasie bestaan."

"Dít, ja," Dirk Laas skud sy kop peinsend asof hy graag die gedagte wil verdryf. "Om twee redes het ek so 'n boodskap aan jou gestuur. Eerstens omdat daar die fynste voorsorgmaatreëls getref word wanneer ontploffingstowwe onder in die myn geneem of gehou word. Dit is amper onmoontlik vir die goed om te ontplof. Onwillekeurig dink 'n mens dus in daardie rigting. Tweedens was dit maar net om jou van jou geliefde rugby af weg te kry - op 'n galop."

"Kyk, Majoor," begin Ekkie effens verontwaardig. "Ek ken my pligte en ...."

"Moenie so gou op jou perdjie spring nie," keer die Randse speurhoof die speurdersersant met 'n trotse vonkeling in sy oog. Ekkie Eksteen het vinnig opgang gemaak in die Diens en is al amper weer ryp vir bevordering. Majoor Laas weifel selde om hom in netelige sake te gebruik. "Maar ek voel werklik bekommerd, Eksteen. 'n Paar ingenieurs en inspekteurs is 20 minute gelede af om voorlopig ondersoek in te stel. Ons sal eers toegelaat word wanneer hulle vasgestel het of dit veilig is."

"En hierdie skare?" verneem Ekkie.

"Hulle is nog nie seker nie, maar dit wil voorkom asof die manne in die myn dalk iewers vasgevang of selfs lewendig begrawe is. Behalwe die nuuskieriges is hier natuurlik talle familielede van die mynwerkers in skag drie."

Onderwyl hy praat, kyk majoor Laas oor die menigte heen. 'n Endjie van die groepie speurders staan die koerantmanne. By die bek van die skag self is mynamptenare. By almal heers 'n bedrukte stilte - niemand weet wat om te verwag of watter aaklikg nuus binnekort bekend gemaak kan word nie. Toe val sy oog op Obed de Swardt.

"Aha" roep hy uit. "Ek het al gewonder wanneer jy sal

opdaag."

"Goeiemiddag, Majoor," groet Obed beleefd onderwyl hy nader staan. Hy merk dat die speurhoof vinnig na Ekkie kyk. "Dit is seker die eerste keer in geskiedenis dat u my na die toneel van 'n ongeluk ontbied."

"Ek jou ontbied!" roep Laas geskok uit.

"Natuurlik, u het 'n konstabel daar na die rugbyveld gestuur, ek ...."

'En jou twee groot ore het natuurlik weer soos 'n radar-apparaat begin ronddraai," werp Dirk Laas terug. En dan vervolg hy: "Kyk, De Swardt, ek het geen beswaar teen jou teenwoordigheid nie, maar ek vra jou baie vriendelik om net nie voor ons voete rond te val nie. Ons het werk om te doen."

"Ek volg," antwoord Obed doodluiters, want majoor Laas het, ten spyte van sy versigtige woorde, baie duidelik te kenne gegee dat hy sal verkies dat Obed daar padgee. "Ek stem darem net nie saam met die voor-die-voete-vallery nie. Dit is net so moeilik om voor jul spreekwoordelike groot voete weg te kom." Met 'n verontskuldigende glimlag kyk hy na Ekkie en sê doelbewus: "Dit is 'n verrassing om jou hier raak te loop, Ekkie. Tot siens."

Onderwyl hy ongeërg wegstap, kyk die speurhoof na sersant Eksteen. Hy skud sy kop.

"Ek wonder wanneer daardie jong man eendag sy rieme gaan styfloop. Hy lyk vir my glad te selfversekerd."

"Tog is hy nie, Majoor," antwoord Ekkie sonder aarseling. "As daar een man is wat ...."

"Verskoon my," val die majoor hom in die rede, "Ek is in geen bui om na 'n liriese betoog oor jou vriend te luister nie. Ek moet jou weer versoek, Sersant, om te onthou dat ons mans genoeg is om ons eie werk te doen. As jy hulp nodig het, weet jy waarheen jy kan kom." Hy draai om en kyk na die skag se kant toe. "Ek wens hulle wil nou te voorskyn kom. Hierdie staan en wag maak my klaar."

Ekkie antwoord nie. Hy weet dat sy hoof hom meer as een keer 'n bevel gegee het teen sy eie beterwete maar op aanbeveling van die Swerwer-speurder.

Twintig tree van hulle af staan Obed eenkant van die klompie joernaliste. Hy het hulle reeds deurgekyk, maar het sy vriend, Jan Wiese, nog nie daar opgemerk nie.

Toe hy die bekende joernalis egter 'n paar minute later tussen die





skare sien deurdruk, stap hy hom tegemoet. Hy haak by hom in toe hy by die ander koerantmanne aansluit.

"Wat gaan aan, kêrels?" verneem Jan dadelik.

"Niks. Hulle soek daar onder rond. Hulle sal ons laat weet wanneer ons mag ingaan."

"Ek wil hê jy moet my saam neem, Jan," sê Obed sag sodat die ander hom nie kan hoor nie.

"Hoekom stel jy belang, Obed?" verneem Jan onderwyl hy sy vriend skerp aankyk, nadat hulle 'n entjie opsy gaan staan het. Hy ken Obed reeds lank. Menige kere het sy koerant met 'n "scoop" tevoorskyn gekom omdat Obed hom ure voordat dit algemeen bekend geword het, van feite voorsien het—en sake waarmee die Swerwer-speurder doenig was, het nog altyd groot, swart letters in al die koerante veroorsaak. Meeste verslaggewers sou wat wou gee om persoonlik met Obed bevriend te kan wees, maar so bekend soos sy waarde ook al is, is daar nie een van die ander wat teenwoordig is wat hom tot dusver herken het nie.

"Ons het maar net gehoor dat daar 'n paar ontploffings was."

"Dirk Laas vermoed sabotasie—maar dit is 'n blote vermoede," verseker Obed hom. "Bly maar liewer stil daaroor."

"Natuurlik. Is dit nou werklik die enigste rede waarom jy hier is—sy vermoede?"

"Natuurlik. Het ek meer rede as dit nodig?"

"Nee." Jan Wiese dink 'n oomblik na. "Het die majoor jou al gesien?"

"Ongelukkig."

"Nou hoe die joos verwag jy moet ek jou in die myn kry?"

"Sorg net dat ek 'n ekstra oorjas en helm in die hande kry. Daarna moet ons maar duim vashou dat hulle my nie sien of herken nie."

'n Gerammel uit die skag laat almal in daardie rigting kyk. 'n Oomblik later verskyn die hysbak en 'n paar manne spring daar uit. Hulle rapporteer eerste aan die mynbase, en majoor Laas met sy manskappe tree nader. Ook die koerantmanne probeer hoor wat gesê word.

"Die tonnels is leeg," lewer een van die ingenieurs verslag. "Waar die ineenstortings plaas gevind het is die stutwerk heeltemal gesond."

"Dan beteken dit dat vyf van die kêrels daar onder vasgekeer

is—of ...”

“Dit is Frans Retief en sy span,” hervat die man wat met die lys name waarop hy aangestip het wie almal uit die skag gekom het, in sy hand staan. “Hulle was heeltemal op die voorpunt besig met opmetings.”

“Dit is onnodig om die tyding nou al te versprei. Miskien vind ons hulle maklik.” Dit is een van die kantoorbase wat hierdie waarskuwing en tegerlyketyd die hoop uitspreek. Blykbaar is hy in bevel. “Reël dadelik vir reddingswerkers, Majoor Laas,” vervolg hy teenoor die speurhoof. “U en u manne kan eerste afgaan. U kan van onder af skakel sodra die voorlopige ondersoek voltooi is en ons vriende, die verslaggewers, mag afkom.”

Toe Ekkie die majoor in die hysbak volg, draai hy om en knik vir Obed. Obed knik terug om hom te laat verstaan dat hy ander reëlings getref het. ’n Rukkie later word dik seiloorjasse en helms met koplampe aan hulle uitgedeel. Obed wag ongeduldig.

As daar ’n misdaad gepleeg is, sou hy graag eerste op die toneel wil wees. Hy ken Dirk Laas en sy speurhonde. Hulle is so deeglik soos ’n mens maar kan verwag. As hulle iets raakloop, sal Obed maar op die genade van Ekkie daarvan te hore kom. Die speurders sal alle bewysstukke verwyder voordat die verslaggewers opdaag.

‘n Halfuur later stuur die majoor ’n boodskap boontoe en dadelik kom die verslaggewers in die hysbak af. Obed word heeltemal as een van hulle aanvaar. Jan Wiese het aan sy kollegas verduidelik dat hy Obed met hom saamgebring het.

Onder in die myn is dit stil na die gebrom en gebabbel van die skare daarbo. ’n Paar van die persfotograwe begin sommer al hier foto’s neem, maar Obed koes agter Jan weg toe ’n paar konstabels nader gestap kom. Die tonnels is helder verlig waar die ingenieurs die drade hierlangs herstel het.

“Die ontploffings het onder in hierdie tonnels plaasgevind,” deel een van die konstabels hulle mee.

’n Mynwerker bied aan om hulle met ’n paar koekkepanne wat deur ’n elektriese motor voortgedryf word, daarheen te neem. Hulle gaan by ’n groep van die reddingswerkers verby waar hulle met hul grawe en pikke en elektriese bore teen die tonnelmuur afstap. ’n Ent verder waar ’n paar tonnels kruis, tref hulle die speurders aan.

“Julle het toestemming om hier rond te kyk,” deel die majoor





hulle mee. “Maar julle word versoek om nie die reddingswerkers of die speurders in hul ondersoek te hinder nie.”

Obed lê steeds laag in die koekkepan. Eers toe hulle ’n entjie verder gegaan het, spring hy en Jan uit. Volgens sy oordeel het hulle sowat ’n myl onder die grond afgelê. Vlakvoor hulle loop die tonnel eenvoudig dood teen ’n massa grond en klippe.

“Wat is jou plan nou, Obed?” verneem Jan dadelik.

“Ek sal maar ’n bietjie rondstap. Wat dink julle?”

“Roetine,” antwoord Jan. “Ons kyk hoe dit lyk en dan gesels ons met die majoor, die mynbase, die reddingwerkers - daarna gaan ons terug en gesels met die skare, kry die name van die klomp wat nog hier onder is en so aan.”

“Jy wil nie saam met my kom gesels nie? Ek het ’n neus vir sulke goed.”

Geselsend draai hulle by ’n dwarstonnel af. Dit is donker voor hulle en hulle skakel die koplampe aan. Ook hierdie tonnel loop dood. By verskeie plekke tref hulle van die mynwerkers aan waar hulle besig is om grond in koekkepanne te laai. Waar ’n vyftal van hulle sit en rus onderwyl die koekkepanne weg getrek word, kyk Obed teen die grondmassas vas. Bo teen die dak van die tonnel is daar ’n skielike gedrus en op sy waarskuwende uitroep, spring die kêrels opsy. ’n Rotsblok rol teen die los grond af tot op die vloer van die tonnel. Skaars lê dit stil of dit rammel hier voor hulle. Obed gryp Jan aan die lyf en slinger hom teen die kant van die tonnel vas sodat hy half bo-op hom te lande kom. Gruis en klippe donder by hulle verby, en bo die gedruis daarvan hoor hulle die geskreeu van die reddingswerkers waar hulle uitmekaar spaander.

’n Paar sekondes later is dit stil. Die stof walm om hulle heen en Obed kan skaars voor hom sien. Hy hoes en help Jan Wiese orent. Toe hy sy kop draai skyn die lamp teen die grondwal op en deur ’n donker opening daarbo.

Agter hulle is die tonnel nie heeltemal verstop nie. Die reddingswerkers kom versigtig terug.

“Daar is ’n gat hierbo!” roep Obed hulle toe. “Ons kan daar deurkruip.”

“Ons moet dit dadelik gaan rapporteer,” antwoord een van die mans. “Wag daar!”

“Ons kan nie wag nie,” sê Obed sag vir Jan. “Hier is vir jou ’n storie.”